Leersentrum ‘n bewys van US se verbintenis tot studentesukses

February 17, 2011 2 Opmerkings

“Die Leersentrum is ‘n tree onderweg daarna om ons studente optimale toegang tot die jongste tegnologie te gee, en om hulle toe te rus met die nodige kennis en ingesteldheid om dit ten beste te benut. Dit is ’n belegging in uitnemendheid, wat nog altyd die hoeksteen van die Universiteit Stellenbosch was.”

Dít was die woorde van prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) tydens die amptelike opening van die ultramoderne Leersentrum vir voorgraadse studente in die JS Gericke-biblioteek, op Woensdag (16 Februarie).

Die Leersentrum, 'n ultramoderne, interaktiewe leerarea in die JS Gericke-biblioteek is gisteraand amptelik geopen.

Dié eietydse sentrum verskaf ’n geïntegreerde biblioteekdiens en beskik oor 116 rekenaarwerkstasies waar geregistreerde studente toegang het tot die biblioteek se versamelings in gedrukte en elektroniese formaat, databasisse waarop die biblioteek ingeteken is, die internet, asook gebruikersagteware. Daar is ook koordlose internettoegang, skootrekenaarruimtes, skandeer- en druktoerusting, en ’n verdere 16 rekenaars uitsluitlik vir flink kubernaslaanwerk. In ‘n aangrensende e-klaskamer met altesaam 48 werkstasies word ewe moderne tegnologie ingespan om opleiding te verskaf.

Helder kleure geïnspireer deur ‘n boksie Smarties, stylvolle ontwerpelemente en meubels, unieke afwerkings, ‘n verskeidenheid soorte sitplekke en oop en geslote gespreksareas, werk alles mee om ‘n esteties smaakvolle en inspirende ruimte vir studente te skep om kreatief, innoverend, produktief en bo alles suksesvol te wees in die navolging van hul studies.

“Dit is waarlik ‘n fasiliteit vir die 21ste eeu, gevul met tegnologies-gevorderde toerusting en innoverende leerareas, maar dit volg ook die tradisionele benadering om gekwalifiseerde en goed opgeleide personeel byderhand te hê om studente te help om hul pad te vind deur die uitdagings van hoër onderwys,” het Prof Botman voortgegaan.

Die Leersentrum is een van die eerste fasiliteite van die US se HOOP Projek – onder meer daarop gemik om studentesukses en uitnemende navorsing te bevorder – wat sedert die veldtog se bekendstelling in Julie 2010 voltooi en vir gebruik oopgestel is.

Prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, het gesê biblioteke en leer is onafskeidbaar en het bygevoeg dat die Leersentrum (en die Navorsingsentrum wat volg) weer dié rol van biblioteke bevestig. Hy het verder gesê die stoor van kennis verskuif toenemend van fisiese boeke na die digitale sfeer. “Fisiese boeke raak oorbodig en so gaan baie spasie in biblioteke oop vir rekenaars. Die leerder het boeke verplaas as die kern van die biblioteek.”

Me Ellen Tise, Senior Direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens, saam met prof. Russel Botman, Rektor en Visekanselier, dr. Paul Cluver, Voorsitter van die US se Raad en prof. Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing voor die Leersentrum tydens die amptelike opening daarvan.

Me Ellen Tise, Senior Direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens het dit beaam: “Die model van student-gesentreerde leer lê aan die hart van die konseptualisering en ontwerp van die Leersentrum. Hierdie tipe leer fokus daarop om studente binne die leerproses te plaas waar hulle proaktief daarby betrokke is om kennis en vaardighede te bekom.”

Sedert die Leersentrum op 31 Januarie 2011 sy deure oopgemaak het, was daar reeds soveel as 19 800 besoeke met terugvoer wat oorweldigend positief is.

Mnr Jan Greyling, voorsitter van die US Studenteraad, het gesê die Leersentrum is nie net simbolies van die toekoms van kennis nie maar ook ‘n bewys van die Universiteit se studetegesentreedheid.

“Dit is ook baie belangrik om te onthou dat wat ons hier sien, nie moontlik sou wees sonder die HOOP Projek nie. Baie studente vra dikwels waaroor die HOOP Projek gaan en dan is dit moeilik om hulle te oortuig. Wel, hier het julle dit nou. Dít is die HOOP Projek. Minder as ‘n jaar na dit amptelik geloods is, kan alle Maties nou by die Leersentrum instap en sê: Dít is wat die HOOP Projek vir my beteken het.”

- Lees meer oor die US se HOOP Projek by hoop.sun.ac.za.
- Kyk hier na Me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek-en Inligtingsdienste se voorlegging en kliek hier vir haar toespraak.
- Kliek hier vir prof Arnold van Zyl se toespraak.
- Kliek hier vir die Rektor se toespraak.

- Vir Jan Greyling se toespraak, kliek hier

Klik hier vir 'n video.

Klik hier vir foto's.

Akademies, Toegang tot Elektroniese Bronne: Studentesukses en Navorsingsondersteuning, Korporatief & Alumni, Algemeen, HOOP Projek, Personeel, Studentesukses, Studente features, JS Gericke Library, Learning Commons, Ms Ellen Tise
MatiesAlumni paartjies vier Valentynsdag
US professor wen top prys

2 Reaksies op “Leersentrum ‘n bewys van US se verbintenis tot studentesukses”

1. Wynand February 18, 2011 om 16:04

   I think it looks stunning! Congratulations and I hope the university student population reap the benefits of all your hard work and dedication.

TrackbacksPingbacks

1. Finance Minister to open innovative Research Commons at Stellenbosch University | News - May 6, 2011

   [...] research university,” Prof Botman added. “The Research Commons as well as the recently launched Learning Commons, a contemporary and high-tech learning space for undergraduate students, form part of SU’s HOPE [...]

Lewer kommentaar

Naam (vereis)

E-pos (Vereis)

Webtuiste (opsioneel)

Stuur opmerking

Argief

- Mei 2011 (56)
- April 2011 (81)
- Maart 2011 (123)
- Februarie 2011 (98)

- Januarie 2011 (62)
- Desember 2010 (41)
- November 2010 (63)
- Oktober 2010 (111)
- September 2010 (112)
- Augustus 2010 (114)
- Julie 2010 (67)
- Junie 2010 (37)
- Mei 2010 (72)
- April 2010 (89)
- Maart 2010 (107)
- Februarie 2010 (104)
- Januarie 2010 (62)
- Desember 2009 (49)
- November 2009 (85)
- Oktober 2009 (113)
- September 2009 (91)
- Augustus 2009 (121)
- Julie 2009 (77)
- Junie 2009 (66)
- Mei 2009 (20)
- April 2009 (27)
- Maart 2009 (14)
- Februarie 2009 (8)

Stuur nuus

Username

Password

Log in

Tags

’BoschFest Climate Change Convocation Department of Botany and Zoology Department of Chemistry and Polymer Science Department of Mathematical Sciences Department of Physics Drama Dr Frederik Van Zyl Slabbert DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology Endler Concert Series Endler hall Faculty of Science Faculty of Theology features Gemeenskapsinteraksie H1N1 virus HB Thom HOOP Projek InnovUS invasive species JS Gericke Library Language Centre Library and Information Service National Research Foundation no new HIV infections on campus Office for Institutional HIV Co-ordination Peer 2 Peer Education Prof Arnold van Zyl Prof Julian Smith Prof Magda Fourie Prof Russel Botman Russel Botman Sasol Art Museum Scientific Writing Skills Seminar Sentrum vir Indringerbiologie Stellenbosch University STIAS SU Language Centre SUSPI The Faculty of Health Sciences Wallenberg Research Centre Woordfees Workshop

© 2011 Nuus. Alle regte voorbehou

Aangedryf deur WordPress.